Suid-Afrikaanse Onderwysersunie | South African Teachers'Union

SAOU

Eastern Cape News

Oos-Kaap Nuus

T: 041 364 0500/01/03
F: 041 364 0510
E: saouok@saou.co.za
Web: www.saou.co.za

E-Nuus / E-News 26/2017

19/09/2017

POSTEVOORSIENING 2018

Die SAOU is bewus dat nog nie al ons skole hulle postevoorsiening ontvang het nie. Die postevoorsiening soos tans uitgestuur, is 'n voorlopige postevoorsiening. Ons rig 'n vriendelike versoek aan alle skoolhoofde om hulle vertoë op skrif aan hulle plaaslike Distriksdirekteur te rig. Die CTU ATU beoog om 'n versoek vir fasilitering aan Provinsiale RAVO te rig ten einde probleme wat deur skole geidentifiseer is aan te spreek asook om die Bestuursplan te hersien.

POST PROVISIONING 2018

The SAOU is aware of the fact that not all of our schools have received their new post provisioning. Please note that the post provisioning that you will receive is the Pre-final post establishment. We kindly request principals to submit their appeals to their district Directors. The CTU ATU will submit a request to the Provincial ELRC for facilitation to address the problems as identified by our schools and to adjust the Management Plan accordingly.

COSATU STAKING: 27/09/2017

SADOU het aangedui dat hulle die landswye COSATU staking op 27 September 2017 gaan ondersteun. Deelname aan die staking sal onbeskermd wees, en sal ongetwyfeld aanleiding gee tot ***"no work, no pay"***. Ons versoek dus Skoolhoofde om asseblief sorgvuldige teenwoordigheidsregisters by te hou.

COSATU STRIKE : 27/09/2017

SADTU indicated that they will be supporting the country wide COSATU strike on 27 September 2017. Participation in the strike is unprotected in this sector and will most probably lead to ***"no work, no pay"***. Principals are therefore urged to please keep clear proof of attendance of all staff members.

BERAAMDE BEREKENING VAN PENSIOENVOORDELE

Die SAOU doen graag beraamde berekening van pensioenvoordele vir ons lede op grond van die inligting deur u as lid verskaf. Die SAOU is egter nie 'n geregistreerde tussenganger of finansiële adviseur in terme van die FAIS wetgewing nie, en aanvaar dus geen aanspreeklikheid van welke aard ookal, vir finansiële of beplannings-besluite geneem voorspruitend uit die beraamde berekening nie.

ESTIMATE CALCULATION OF PENSION BENEFITS

The SAOU does assist our members by doing estimated calculation of pension benefits based on the information provided by the member. However, the SAOU is not a FIAS registered intermediary or advisor. The calculations of retirement benefits are supplied as an estimate, and are not to be construed as financial advice, neither should it form the basis of major financial decisions. The SAOU thus does not accept any liability for decisions emanating from these calculations.

INTER-PROVINSIALE OORPLASINGS

Dit is uiters belangrik dat die korrekte prosedure gevolg word tydens die aansoek vir 'n oorplasing na 'n ander provinsie. Die volgende paar punte om te onthou:

1. U moet 'n aanbod vir oorplasing na 'n vakante substantiewe pos hê, wat deur die ontvangende departement op skrif goedgekeur is.
2. Daarna word 'n Inter-Provinsiale aansoek vir oorplasing vorm (roete vorm) voltooi deur die betrokke partye (Skoolhoofde, Beheerliggame en Departementele Amptenare van beide provinsies).
3. U word gemaan om asb. eers te verskuif na u nuwe skool sodra u 'n aanstellingsbrief ontvang waarop aangedui sal word wanneer u vir diens moet rapporteer.

INTER PROVINCIAL TRANSFERS

It is very important to follow the correct procedure when applying for a transfer to another province. A view pointers to remember:

1. The receiving province must provide you with a written offer of a vacant substantive post.
2. For the transfer to be processed, an educator must apply for the transfer on the Inter-Provincial transfer form (route form) which must be signed off by all the relevant parties (Principals, Governing Bodies and the Departmental Officials of both provinces).
3. We urge educators not to move to their new school without recieving an appointment letter from the new provincal department. This letter will also state the date that the educator should assume duties.

Lei, Leer & Inspireer

Lead, Learn & Inspire